

HOOFSTUK 7

Samevatting

Met die beplanning, implementering en waarneming van die *Musicianship*-subprojek het die volgende stelling net weer bevestig hoe gekompliseerd hierdie proses eintlik is: “One can talk, read or write about teaching music (or anything for that matter) but actually *doing* it is a further operation” (Plummeridge, 1991:7).

7.1 KOMMENTAAR OP DIE EVALUERINGSPROSES

Die Kirkpatrick-model (1998) het tydens die evaluering van die *Musicianship*-musiekgeletterdheidsprogram die volgende uitgewys.

- Behoeftebepaling

Die grootste aanduidings vir die behoefte aan ’n musiekgeletterdheidsprogram, was die gebrek aan motivering van leerders en opvoeders, die taalprobleem, die opleiding van opvoeders asook die onderrigmateriaal wat nie musisering ondersteun het nie. Oneffektiewe leermetodes en die dissonans, wat bestaan tussen dit wat in die literatuur geskryf is en dit wat in die praktyk gebeur, was verdere aanduidings dat daar ’n behoefte aan ’n nuwe musiekgeletterdheidsprogram was. Die behoefte aan ’n nuwe program kon ook bepaal word deur die leerders te toets en onderhoude met hulle te voer. Dit sou meer inligting genereer, en die behoefte wat bestaan duideliker kon omskryf. Die betrokke program sou dan beter aan die leerders se verwagtinge kon voldoen.

- Die daarstelling van doelwitte

Die hoofdoel van die *Musicianship*-subprojek word weerspieël in die onderliggende filosofie wat die grondslag van die leeraktiwiteite vorm: musikale ervaring (deur middel van konstruktivistiese beginsels) aktiveer *musicianship* en is gesetel in musikale praktyke. Spesifieke doelwitte is gestel, aangepas en ontwikkel om sodoende die beste leerstrategieë daar te stel.

- Bepaling van die vakinhoud

’n Dinamiese kurrikulum, soos waarop die *Musicianship*-subprojek geskoei was, het voordele, maar die rigting wat dit bied, kan onduidelik wees. Om vooraf te bepaal hoe die

program sou ontwikkel, is feitlik onmoontlik, want daar was baie veranderlikes waarvoor daar nie voorsiening gemaak kon word nie. Die vyf onderrigleeraktiwiteite verdien elkeen 'n plek in die projek en kan 'n bydrae lewer in die ontwikkeling van die musiseerder. Die leeraktiwiteite wat in elkeen van hierdie voorkom, moes egter met sorg gekies word om die beste geleentheid te skep vir die bevordering van musikale ervaring. Sodoende kan *musicianship* geaktiveer word.

- Keuse van deelnemers

Die keuring van leerders is nie op die mees effektiewe wyse benader nie. Reeds bestaande toetse, soos die Bently- toets, kon gebruik word, maar omdat dit, wat hierdie tipe toets bepaal, aangeleerde vaardighede is, moet dit weer oordink word. Die leerders het *nie* die geleentheid gehad om hierdie vaardighede voorheen te ontwikkel nie. Soos voorheen genoem is, is musiek vir almal. Metodes om slegs sekere leerders te keur, moet dus heroorweeg word. Die bydrae van musiek tot die holistiese ontwikkeling van leerders is van onskatbare waarde. Persoonlike groei, selfkennis en genot dra op hul beurt by tot die ontwikkeling van selfbeeld en leerders se geluk. Indien musiekopvoeding reg benader word, kan dit ook 'n rol in die opheffing en suksesvolle transformasie van Suid-Afrika speel.

- Bepaling van die beste skedule

Die skedule vir die *Musicianship*-subprojek is beïnvloed deur die beskikbare hulpbronne. Hierdie hulpbronne en tyd is optimaal aangewend.

- Keuse van geskikte fasiliteite

Die *Musicianship*-subprojek het van die NWU Skool vir Musiek se fasiliteite gebruik gemaak. Hierdie fasiliteite was voldoende, al het dit goeie skedulering en beplanning geverg om die hele *Musikhane* in die Konservatorium te huisves.

- Keuse van geskikte opvoeders

Die opvoeders wat in die projek gewerk het, was almal vrywillige musiekonderrigstudente. Dit is belangrik dat die opvoeders in 'n projek oor sekere onderrigtegnieke beskik. Die opvoeders moet ook bereid wees om hulle eie onderrig te evalueer en aan te pas.

- Keuse en voorbereiding van onderrigmateriaal

Die onderrigmateriaal weerspieël 'n kreatiewe aanslag. Die leerders is op kreatiewe wyses ouditief, visueel en kineties gestimuleer. Deur gebruik te maak van die onderrigmateriaal wat saamgestel is, is gepoog om musikale ervaring te ondersteun. In sommige gevalle is daar egter teruggeval op tradisionele tipe werkkaarte en speletjies, maar die meeste van die nuutgeskepte onderrigmateriaal kon effektief aangewend word.

- Koördinerings van die program

Dit het geblyk dat die navorser se persoonlike betrokkenheid 'n invloed op die effektiewe koördinerings van die program het. Die tydperke wat die navorser nie persoonlik in die *Musicianship*-subprojek teenwoordig was nie, was die kommunikasie tussen opvoeders en die bestuur problematies. Dit blyk dat motivering van die navorser 'n belangrike rol speel in die koördinerings van die program.

- Evaluering van die program

Die evaluering van die program word bespreek in afdeling 7.2 om sodoende die navorsingsvrae te beantwoord.

7.2 NAVORSINGSVRAE

7.2.1 Watter reaksie het die leerders tydens die aanbieding van die *Musicianship*-subprojek getoon?

Kirkpatrick (1998:26-38) het die volgende riglyne vir die evaluering van vlak 1: reaksie daargestel. Die *Musicianship*-subprojek het aan hierdie vereistes voldoen:

Tabel 7-1: riglyne waaraan voldoen is vir die evaluering van vlak 1: reaksie

Riglyne deur Kirkpatrick	Voldoen
Bepaal wat uitgevind moet word	✓
Ontwerp vorm wat reaksies kan kwantifiseer	✓
Moedig geskrewe opmerkings en voorstelle aan	✓
Mik vir 100% onmiddellike terugvoer	✓

Daar is voldoen aan die riglyne wat Kirkpatrick daargestel het vir die evaluering van vlak 1: reaksie. Daar is bepaal wat geëvalueer moes word en 'n reaksievorm wat leerdervriendelik was, is ontwerp. Die leerders is ook aangemoedig om kommentaar te lewer en voorstelle te maak. Deur middel van waarnemings in die kontakssessies en beeldmateriaal is 100% onmiddellike terugvoer ontvang.

Die leerders se reaksies op die program kon op verskeie wyses geëvalueer word. Die studie het van reaksievorms, sowel as foto's en beeldmateriaal gebruik gemaak. Die projek is in die algemeen as positief ervaar. Aktiwiteite, wat kennis-in-aksie voorstaan, byvoorbeeld aktiewe musiekbeluistering en kreatiewe spel, is baie geniet. Dit is duidelik dat 'n onderrigleeraktiwiteit soos skryfvaardighede nie so gewild was nie, omdat dit te veel fokus op die aanleer van formele kennis. Aangesien hierdie onderrigleeraktiwiteit deel vorm van 'n groter geheel, het dit nie 'n wesenlike invloed op die leerders se positiewe ervaring van die projek gehad nie.

7.2.2 Tot watter mate is die gewenste doelwitte in die *Musicianship*-subprojek bereik?

Die riglyne wat Kirkpatrick gestel het vir die evaluering van vlak 2: leer, 'n kontrole-groep en vooraf toetsing, is weens praktiese redes nie uitgevoer nie. Die *Musicianship*-subprojek sou nie die administratiewe en finansiële verpligtinge van 'n bykomende kontrole-groep kon dra nie. Die navorser het met die aanvang beperkte hulpbronne, kennis en tyd gehad en daarom het vooraf toetsing ook nie plaasvind nie. Kennisvermeerdering, die verbetering van vaardighede en gesindheidsverandering is wel aangespreek: Elliott (1995) konsep van *musicianship* is aan Kirkpatrick (1998) se vereistes vir die evaluering van vlak 2: leer gekoppel.

Aangesien *musicianship* weerspieël word in 'n musiseerder se musikale aksies en hierdie musikale aksies die vergestaltung van musikale ervaring is, is musikale ervaring dus nodig om *musicianship* te aktiveer. Die onderliggende filosofie en doelwitte van die *Musicianship*-subprojek word hierin vervat (kyk p. 4-11). Deurdat leeraktiwiteite die boustene van 'n leerplan is en musikale ervaring in die kleinste eenheid van die leerplan teenwoordig moet wees, is daar op die teenwoordigheid van musikale ervaring in die leeraktiwiteite gefokus.

Daar is waargeneem dat die leeraktiwiteite nie altyd op dieselfde vlak lê nie (kyk Figuur 7-3). Sommige leeraktiwiteite bevorder 'n volledige musikale ervaring, terwyl ander nie een van die aspekte aanraak nie. 'n Leeraktiwiteit in 'n onderrigleeraktiwiteit kan ook in kombinasie met 'n ander leeraktiwiteit van 'n ander onderrigleeraktiwiteit gebruik word. Derhalwe word die musikale ervaring versterk. Die doel is egter om soveel as moontlik leeraktiwiteite aan te bied wat musikale ervaring ondersteun. Die leeraktiwiteite wat deel uitmaak van die vorming van musikale praktyke, maar nie musikale ervaring meebring nie, moet so aangepas word dat die formele kennis op so 'n wyse aangebied kan word dat dit omgeskakel word in kennis-in-aksie. Sodoende sal musikale ervaring bevorder word.

7.2.3 Hoofvraag:

Watter aanpassings wat gemaak behoort te word aan die *Musicianship*-subprojek word deur 'n evaluering volgens die Kirkpatrickmodel uitgewys?

Die evaluering volgens die Kirkpatrickmodel dui aan dat die volgende aanpassings in die onderrigleeraktiwiteite ten opsigte van die opvoeders, onderrigmateriaal en onderrigmetodes, gemaak moet word:

- **Aktiewe musiekbeluistering**

Leeraktiwiteite wat aktiewe deelname voorstaan en beweging en skeppende aktiwiteite insluit, moet meer aandag in hierdie onderrigleeraktiwiteit geniet. Dit is wel belangrik om te let dat alhoewel inligting *oor* musiek nie musikale ervaring teweegbring nie, die inligting van waarde kan wees vir die begrip van die funksionering van die musikale praktyk. Dit blyk teenstrydig te wees met die beskrywing van musikale ervaring, maar formele musikale kennis kan in *kennis-in-aksie* omgeskakel word. Die bespreking van leerders se persoonlike ervaring na afloop van beluistering kan 'n rol speel in die ontwikkeling van leerders se intuïtiewe, informele en prosesrigtende musikale kennis.

Die opvoeders moet altyd van gehalte opnames gebruik maak en die vorm en frasestruktuur van die musiek besonder goed ken. Die metrum van elke werk moet ook in die leerders se liggame verwerk word. Video-opnames van die leerders se reaksies tydens beluistering, kan na afloop van 'n kontakssessie waardevolle afleidings oor leerders se musikale ervarings uitwys.


- **Klawerbordvaardighede**

Daar moet definitief meer tyd aan klawerbordvaardighede spandeer word. Die leerders benodig ook meer individuele aandag, sodat daar beter op tegniek en afronding van werke gefokus kan word. Ensemble spel moet ook voorkeur geniet. Die leerders se vordering mag aanvanklik tyd neem, maar die vasstelling van eenvoudige nootpatrone (in verskeie toonsoorte) is belangrik vir die ontwikkeling van akkurate toonhoogte.

Die volgende aspekte is van belang in die samestelling van onderrigmateriaal:

- Gebruik frases van twee of vier mate (eerder as drie of ses).
- Die persepsie van toonhoogte en die verloop van tyd moet in die onderrigmateriaal weerspieël word. Figuur 7-1 is geneem uit 'n werkboek vir beginners (Ng, 2007). Leerders se persepsie van tyd kan negatief beïnvloed word as gevolg van die spasiëring van note. Figuur 7-2 dui aan hoe nootpatrone eerder voorgestel moet word.

- Gebruik twee- of viermaat frases in enkelvoudige tweeslagmaat en een- of tweemaat frases in enkelvoudige vierslagmaat.
- Melodiese en ritmiese patrone moet altyd musikaal sinvol wees. Vermoë patrone wat met sestiendenote eindig.
- Leeraktiwiteite wat beweging en aktiewe deelname insluit, moet deel van elke kontakssessie uitmaak.
- Evalueer eie leeraktiwiteite aan die hand van musikale ervaring en musikale aksies.
- Stel 'n repertorium van leeraktiwiteite (in spesifieke onderrigleeraktiwiteite) wat musikale ervaring ondersteun, saam. Die leeraktiwiteite lê nie altyd op dieselfde kontinuum nie. Sommige leeraktiwiteite bevorder 'n volledige musikale ervaring, terwyl ander nie een van die aspekte aanspreek nie. Die leeraktiwiteit kan soos volg in die musikale ervaring-onderrigmodel gerangskik word (Figuur 7-3). Opvoeders word aangemoedig om hulle *eie* leeraktiwiteite so te orden.



Figuur 7-3: Voorbeeld van leeraktiwiteite in musikale ervaring

7.3 VERDERE NAVORSING

Die volgende onderwerpe kan verder deur die volgende groepe ondersoek word:

- Nagraadse studieleiers: die identifisering van geskikte modelle vir progamevaluering.
- Musiekopvoeding: die kurrikulering van benaderings tot *Musicianship* asook didaktiese riglyne wat duideliker aan studente oorgedra moet word. Die fokus behoort op aktiewe leer te wees. Musiekopvoeders moet ook, soos uitvoerders toonlere en tegniese werk oefen, tegniese aspekte in musiekopvoeding identifiseer en dit inskerp.
- Musiekteorie: leeraktiwiteite wat verantwoordelik is vir die vasstelling van tonaliteit en metrum moet ondersoek word. Denkraamwerke, wat *musicianship* en musikale ervaring ondersteun, moet ontwikkel word.
- Sosiale musiekwetenskap: musikale praktyke en die bydrae tot *musicianship* kan ondersoek word.
- Musiekonderwysers: eksamenafrigting moet nie die leeraktiwiteite wat *musicianship* aktiveer, oorskadu nie. Onderrigmateriaal wat musikale ervaring ondersteun moet saamgestel en ontwikkel word.
- Departement van Onderwys:
 - Deur waarneming is gemerk dat sommige onderwysers dikwels nie die nodige ondervinding het om die slaggate in tradisionele onderrigmetodes te vermy nie. Indiensopleiding van onderwysers moet aangebied word deur spesialiste wat hulself in die *musicianship* leeraktiwiteite metodes bewys het.
- Diploma in Musiek (NWU): die leeraktiwiteite van die *Musicianship*-subprojek kan vir volwasse beginners aangepas word. Die ontwikkeling van *musicianship* in hierdie leerders moet ook aandag geniet.
- Navorsers in die Nisentiteit van die Skool vir Musiek: *Musikale kunste in Suid-Afrika: hulpbronne en toepassings* moet onderwerpe identifiseer waarin die *musicianship* navorsing verder geneem en verfyn kan word. Publikasies oor die didaktiek moet 'n prioriteit wees. Meer gemeenskapsprogramme soos *Musikhane* moet gestig word sodat die ervaring wat die *Musikhane* projek uitgewys het, verder geneem kan word.

7.4 SLOTSOM

Die *proses* tydens die ontwikkeling van hierdie program is meer waardevol as die eindproduk. Deur die beplanning van leeraktiwiteite en die verduideliking daarvan aan die opvoeders in die

program, is baie van die onderrigstrategieë onder die vergrootglas geplaas. 'n Nuwe metode hoef nie daargestel te word nie. Die benaderings van die bekende opvoeders en filosowe, veral dié van Dalcroze en Elliott, moet net toegepas word.

Die buitelyne van die filosofiese kaart mag dus soms vaag wees, maar daar is definitief 'n paar omgewings wat vermy moet word (byvoorbeeld die abstrakte aanbieding van musieknotasie), terwyl ander omgewings net herontdek moet word (byvoorbeeld hoe om *musicianship* optimaal en effektief te ontwikkel). Uit hierdie studie is dit dus duidelik dat 'n gestruktureerde evaluering van 'n program, deur middel van kwalitatiewe progamevaluering soos byvoorbeeld die Kirkpatrickmodel, belangrike aanpassings aan 'n onderrigleerprogram uitwys. Die proses is ook 'n waardevolle groeiproses vir die opvoeder en navorser.